

**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Kanselier in die Eerste Presidentskap

# Familie en Vriende Vir ewig

Waar julle ookal woon, het julle vriende wat soek vir die groter geluk wat julle gevind het deur die geretoureerde evangelie van Jesus Christus te lewe. Hulle mag dalk nie in staat wees om hierdie geluk in woorde te beskyf nie, maar hulle kan dit herken wanneer hulle dit in jou lewe sien. Hulle sal gretig wees om die bron van hierdie geluk te leer, veral wanneer hulle sien dat jy ook deur beproewinge gaan, net soos hulle.

Jy het geluk gevoel soos jy die gebooie van God gehoorsaam. Dit is die beloofde vrugte deur die evangelie te lewe (sien Mosia 2:41). Jy gehoorsaaam nie die Here se gebooie getrou om deur ander mense gesien te word nie, maar diegene wat jou geluk waarneem word voorberei deur die Here om die goeie nuus van die restourasie van die evangelie te hoor.

Die seëninge wat jy gegee is, het verpligtinge en wonderlike geleenthede vir jou geskep. As 'n verbonds dissipel van Jesus Christus, is jy verplig om aan ander 'n geleentheid te bied om toenemende geluk te vind, veral vir jou vriende en familielede.

Die Here het jou geleentheid gesien en jou verantwoordelikheid beskryf met hierdie gebod: "Dit betaam elke man wat gewaarsku is, om ook sy naaste te waarsku" (L&V 88:81).

Die Here maak daardie gebod makliker om te gehoorsaam deur die verandering wat in jou hart plaas vind soos jy die evangelie van Jesus Christus aanvaar en lewe. As gevolg daarvan, groei jou liefde vir ander, asook jou begeerte dat hulle dieselfde geluk ondervind as wat jy ondervind.

Een voorbeeld van daardie verandering is hoe jy die kans verwelkom om te help met die Here se sendingwerk. Voltydse sendelinge leer gou dat hulle 'n warm reaksie van 'n ware bekeerling kan verwag wanneer hulle 'n aanvraag maak vir 'n verwyssing. Die bekeerde smag vir hul vriende en familie lede om in hul vreugde te deel.

Wanneer jou wyk sendingleier of sendelinge vra vir name van iemand om te onderrig, is dit 'n groot kompliment vir jou. Hulle weet dat vriende jou geluk gesien het en daarom is daardie vriende voorberei om die evangelie te hoor en om te kies om dit te aanvaar. En hulle het selfvertroue dat jy die vriend sal wees wat hulle sal benodig soos hulle die koningkryk binnekom.

Jy het nie nodig om bang te wees dat jy vriende sal verloor deur die sendelinge uit te nooi om hulle te ontmoet nie. Ek het vriende wat die sendelinge verstoot het, maar my vir baie jare lank bedank het vir die aanbod aan hulle van iets wat hulle geweet het baie kosbaar is vir my. Jy kan vriende vir ewig maak deur die evangelie aan te bied, wat hulle sien jou geluk gebring het. Moet nooit 'n geleentheid mis om 'n vriend en veral 'n familielid uit te nooi om te kies om die plan van geluk te volg nie.

Daar is geen groter geleentheid vir daardie uitnodiging as in die tempels van die Kerk nie. Daar kan die Here die ordinansies van saligheid aan ons voorouers bied, wie dit nie in hierdie lewe kon ontvang nie. Hulle kyk neer op jou met liefde en hoop. Die Here het belowe dat hulle die geleentheid sal hê om in Sy koningkryk in te kom (sien L&V 137:7–8),en Hy het 'n liefde vir hulle in jou hart ingeplant.

Baie van julle het vreugde gevoel deur die ordinansies van die tempel aan ander te bied, net soos wanneer jy name van mense vir die sendelinge gee om te ontmoet. Jy het 'n groter vreugde gevoel deur ordinansies vir jou voorouers te doen. Dit was aan die Profeet Joseph Smith geopenbaar dat ons ewige geluk moontlik is alleenlik as ons die weg na daardie seëning aan ons voorouers bied deur plaasvervangende tempel ordinansies. (sien L&V 128:18).

Kersfeestyd draai ons harte na die Verlosser en na die vreugde wat Sy evangelie ons gebring het. Ons wys ons dankbaarheid aan Hom die beste deur daardie geluk aan ander te bied. Dankbaarheid word vreugde soos ons name aan sendelinge voorstel en soos ons die name van ons voorouers na die tempel toe neem. Daardie bewyse van dankbaarheid kan vriende en families maak wat vir ewig duur.

**ONDERWYS UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Eyring verduidelik dat ons dankbaarheid aan die Verlosser kan wys deur die evangelie met ander te deel. Jy kan met diegene wie jy onderrig bespreek hoe die geskenk van die evangelie hulle lewens geseën het. Oorweeg dit om hulle uit te nooi om biddend diegene te identifiseer met wie hulle graag die geskenk van die evangelie wil deel en hoe hulle dit sal doen.

## KINDERS

### Lewer jou getuienis

Jy kan die geskenk van die evangelie hierdie kersfees deel deur 'n vriend of naaste 'n afskrif van die Boek van Mormon te gee met jou getuienis daarin geskryf. Volg hierdie stappe om dit gereed te kry:

1. Op a stuk papier, meet 'n reghoek min of meer 4½ x 6½ duim (11½ x 16½ cm) en vra 'n volwassene om jou te help om dit uit te sny.
2. Voeg 'n prentjie van jouself— of 'n skets of 'n foto— aan die bokant van die bladsy.
3. Skryf jou getuienis onder jou prentjie.
4. Kry 'n volwassene om jou te help om die papier aan die binnekant van die Boek van Mormon vas te maak.

## JEUG

### Kan ek 'n Boek van Mormon Deel?

**Deur Josh Arnett**

Gedurende die eerste jaar van hoërskool, het my seminarie onderwyser my klas uitgenooi om afskrifte van die Boek Van Mormon aan nielede vriende te gee. Alhoewel ek ongelooflik sku was, het ek die uinodiging aanvaar.

Dit het my 'n paar dae geneem om die moed op te bou,maar ek het uiteindelik die boek gedurende middaguur aan my vriend Britny gegee en 'n kort getuienis gelewer. Britny het my bedank vir die boek.

Aan die einde van daardie skool jaar het Britny verhuis, maar ons het kontak behou. Sy het my van haar nuwe skool vertel en hoe byna al haar vriende lede van die Kerk was, maar sy het nooit oor enige iets geestelik met my gepraat nie.

Dit het verander voor ek op my sending vertrek het. Ek het 'n boodskap van Britny ontvang wat gesê het dat sy groot nuus het vir my: Sy gaan gedoop word,en sy wou my bedank vir my vriendskap en vir die goeie voorbeeld wat ek was.

God het 'n skaam 15-jarige seun gevat met geen sending ondervinding nie en hom gely om die evangelie te deel met iemand wie Hy geweet het dit sou aanvaar. Ek weet dat as ons luister na die Heilige Gees, ons almal mense rondom ons kan vind wat wag om te leer oor die gerestoureerde evangelie. Ek weet dat al bring ons net een persoon na die Here, "hoe groot [ons] vreugde saam met hom [of haar] in die koningkryk van [ons] Vader sal wees!" (L&V 18:15).

*Die skrywer woon in Wasington, VSA*

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/13. Vertalings goedkeuring: 6/13.
Vertaling van *First Presidency Message, December 2013*. Afrikaans. 10672 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Die Eniggebore Seun

Geloof, Familie, Verligting

*Studeer hierdie materiaal biddend en streef om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy waak deur vroue besoek? Vir meer informasie, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.

Ons Verlosser, Jesus Christus, word die Eniggebore Seun genoem omdat Hy die enigste persoon op aarde is wat gebore is met 'n sterflike moeder en 'n onsterflike Vader. Hy het goddelike Vermoë van God, Sy Vader, geërf. Van Sy moeder, Maria, het Hy sterflikheid geërf en was onderwerp aan honger, dors,moegheid, pyn en dood.[1]

Omdat Jesus Christus die Eniggebore van die Vader is, was Hy instaat om Sy lewe neer te lê en dit weer op te neem. Die skrifture leer ons dat "Deur die versoening van Christus, ons "'n opstanding verkry" (Jakob 4:11). Ons leer ook dat almal "opgewek mag word tot onsterflikheid tot die ewige lewe as ons "sal glo" (L&V).

Soos ons meer volledig verstaan wat dit beteken vir Jesus om die Eniggebore Seun van die Vader te wees, sal ons geloof in Christus vergroot. Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê, "Geloof in Jesus Christus is die oortuiging en versekering van (1) Sy status as die Eniggebore Seun van God, (2) Sy oneindige Versoening, en (3) Sy letterlike Opstanding."[2] Moderne profete het getuig: "[Jesus Christus] was . . . die Eniggebore Seun in die vlees, die Verlosser van die wêreld."[3]

### *Uit die Skrifture*

Johannes 3:16; Leer en Verbonde 20:21–24; Moses 5:6–9

### *Uit Ons Geskiedenis*

In die Nuwe Testament lees ons van vroue, benoem en naamloss, wat geloof in Jesus Christus beoefen het, Sy leringe geleer en gelewe het, en wat getuig het van Sy ministerie, wonderwerke, en majesteit. Hierdie vrouens het voorbeeldige dissipels en belangrike getuies in die werk van saligheid geword.

Byvoorbeeld, Martha het 'n sterk getuienis oor die Verlosser se goddelikheid gelewer toe sy vir Hom gesê het, "Ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom (Johannes 11:27).

Party van die vroegste getuienisse van die Verlosser se goddelikheid was sy moeder, Maria, en haar niggie Elizabet. Net na die engel Gabriel Maria besoek het, het sy Elizabet besoek. Sodra Elizabet Maria se groet gehoor het, was "sy gevul met die Heilige Gees" (Lukas 1:41) en sy het getuienis gelewer dat Maria die moeder vir die Seun van God sou word.

**NOTAS**

1. Sien *Evangelie Prinsiepe* (2009), 52–53.
2. D. Todd Christofferson, "Bou Geloof in Christus," *Liahona,* Sept. 2012, 13.
3. "Die Lewende Christus: Die Getuienis van die Apostels," *Liahona,* Apr. 2000, 2–3.

### *Wat Kan Ek Doen?*

**1.** Hoekom is dit belangrik vir my om die rolle van Jesus Christus te verstaan?

**2.** Hoe kan ons geloof vermeerder soos ons ons verbonde onderhou?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/13. Vertalings goedkeuring: 6/13.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, December 2013*. Afrikaans. 10672 501